NOTULE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE PINOTAGE ASSOSIASIE WAT GEHOU IS OP 29 JULIE 2025 OM 09:00 BY KLEIN JOOSTENBERG KONFERENSIE SENTRUM, STELLENBOSCH.

TEENWOORDIG:	B Truter	Voorsitter
	De W Viljoen	Ondervoorsitter
	E Ferreira	Bestuurder

Die vlg lede van bestuur is teenwoordig:
Abrie Beeslaar, Belinda Jacobs, E Louw, A Blake, A van Heerden en A Pienaar (ouditeur).

28 Lede is ook teenwoordig terwyl 6 lede verskoning aangeteken het.

Die voorsitter verwelkom almal teenwoordig en open die vergadering met gebed.

1 KONSTITUERING

Aangesien ’n kworum ingevolge die bepalings van die Grondwet teenwoordig is, verklaar die voorsitter dat die vergadering behoorlik gekonstitueer is.

2 NOTULE

2.1 Algemene vergadering

Die notule van die Pinotage Assosiasie se Algemene vergadering van lede gehou op 30 Julie 2024 is gesirkuleer aan lede.
BESLUIT dat die notule as gelese beskou word en word goedgekeur deur A Blake en geskondeer deur D Steytler.

3 VOORSITTERSVERSLAG

Die voorsitter lewer sy verslag - dit word goedgekeur en gesekondeer.

4 FINANSIëLE STATE

Die Finansiële state word deur mnr André Pienaar aan die vergadering voorgelê en toegelig. BESLUIT dat die 2024 state goedgekeur word.

5 LEDEGELD 2026

Die Bestuur stel voor dat lidmaatskap vir 2026 R550 sal beloop.
BESLUIT dat lidmaatskapfooie vir 2026 R550.00 sal wees.

6 VERKIESING VAN BESTUURSLEDE

Lede wat vanjaar uittree na twee jaar en vir 'n verdere termyn van twee jaar herkiesbaar is as lede van die Bestuur, is die vlg: Johann Fourie (Overberg), Etienne Louw (Durbanville), A van Heerden (Franschhoek/Paarl), F van Niekerk (Wellington). Hulle is almal herkiesbaar.

Wade Roger-Lund van Meerendal is genomineer deur die area as verteenwoordiger vir die Durbanville streek in die plek van Etienne Louw. BESLUIT dat Wade Roger-Lund Durbanville se verteenwoordiger sal wees.

Geen ander nominasies is ontvang nie en word Johann Fourie (Overberg), A van Heerden (Franschhoek/Paarl), F van Niekerk (Wellington) weer verkies vir die volgende termyn wat eindig tydens die 2027 AGM..

7 BEDANKINGS

Die voorsitter spreek sy dank uit teenoor die volgende persone:

- *Alle lede, sonder wie se ondersteuning die Assosiasie nie sou bestaan nie*
- *Bestuurslede vir hulle opofferings om aan die bedrywighede van die Assosiasie deel te neem - afstande gereis en tyd weg van hulle werk.*
- *Elpro – vir die Administratiewe dienste aan die Assosiasie*
- *Absa vir hulle borgskap waarsonder die Assosiasie en Pinotage beslis nie sou bereik het wat hulle wel bereik het nie.*

Die vergadering word afgesluit en verdaag.

VOORSITTER **DATUM**